

3 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:17a

Deur Christus – 'n nuwe hart, 'n nuwe lewe

Ons hart is die bron van ons lewe. Die hart is die oorsprong van alle gedagtes en begeertes. As Paulus hier bid dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon, veronderstel dit dat Hy my lewe in besit sal neem, dat Hy en Hy alleen heerskappy in my lewe sal voer. Dit is nie genoeg as ek net van Christus weet of oor Hom praat nie, Hy moet by my, in my hart woon.

As Christus in my hart woon, dan breek Hy deur die werk van die Heilige Gees my klipharde hart oop en gee Hy aan my 'n hart van vlees. Dit is waarvoor Paulus bid. Want as my hart verander, verander my hele lewe radikaal. Ek skaaf nie maar hier so 'n bietjie en verander daar so 'n bietjie nie – ek kry 'n nuwe hart! 'n Hart waarin Christus leef – 'n hart wat elke dag Christus se gesindheid van nederigheid, van selfopoffering, van naasteliefde uitstraal na buite.

Ons lees meer as 150 keer in die Nuwe Testament van Christus se inwoning in die hart van die mens – dat die gelowiges *in* Christus is en Christus *in* hulle. Daar is dus 'n lewende band, 'n innige verbintenis tussen Christus en die gelowiges. Daar is gedurige wisselwerking. In beeldspraak word hierdie verbintenis geteken as dié tussen die hoof en die liggaam; tussen die wynstok en die lote.

Hoe troosvol is hierdie wete nie vir elke gelowige wat nog volg in die stryd van die lewe staan nie. Ek hoef nie vandag of enige dag tegemoet te gaan in my eie krag nie. Ek is nie oorgelaat aan die willekeur van mense nie. Christus woon in my hart. Na sy Godheid, majesteit en Gees is Hy by my, in my teenwoordigheid en versterk Hy my telkens met die krag wat ek nodig het.

Sing: Skrifberyming 14:1 en 2 (8-1:1 en 2)

Ds NG Laubscher (Emeritus)